

Jannie du Toit: kleinkunstprogramma's uit Zuid-Afrika

De Zuid-Afrikaan Jannie du Toit, zanger en gekend in de Lage Landen, plant van 19 september 2017 tot 23 oktober 2017 een tournee te maken door Nederland en Vlaanderen met zijn tweeluik van “one-man” kleinkunstprogramma’s uit Zuid-Afrika: DOEP IS NIE DOOD NIE (met de muziek van dé Afrikaanstalige kleinkunstenaar Koos du Plessis) en BONJOUR MONSIEUR BREL (met chansons van Jacques Brel in vier talen: het Frans, Afrikaans, Nederlands en Engels). Tijdens beide programma’s zal hij begeleid worden door zijn vaste ensemble, de topmuzikanten Susan Mouton (cello) en Coenraad Rall (piano en accordeon). Hij zal zichzelf op gitaar begeleiden.

De uitkoopsom van enige van de twee programmas is 1.200 euro, alles inbegrepen, maar indien nodig kan over de prijs worden onderhandeld.

Zijn vorige voorstellingen in de Lage Landen waren BLIK EN SNAAR (in 1988 alleen voor gasten van de Zuid-Afrikaanse ambassade), SKADU'S TEEN DIE MUUR (1993), DE KLEINE MAN (2001), JANNIE EN DIE TANNIE (2006), HARTSNAAR (2008) – allemaal samen met Christa Steyn, ONDERWEG (2013) met Susan Mouton en Clinton Zerf, GRENZELOOS NEDERLANDS (repertoire van Jules de Corte) met de Nederlandse pianovirtuoos Bert van den Brink (2014) en als laatste een optreden op het landgoed van Herman van Veen als deel van het festival HARLEKIJN EN DE ZUID-AFRIKAANSE DAGEN (2015). In 2006 trad hij met Christa Steyn bij het Vlaams Nationale Zangfeest op en ook een keer tijdens de Antwerpse Boekenbeurs.

Jannie du Toit sing Koos du Plessis
Tjello: Susan Mouton
Klavier/ Akkordeon: Coenraad Rall



DOEP IS NIE DOOD NIE is 'n eenman-aanbieding met teks- en musiekgrepe oor die lewensbeskouing en werk van Koos du Plessis. Koos is in Januarie 1984 op jeugdige leeftyd oorlede, maar sy nalatenskap bly 'n bron van wysheid en onsterlike musiek. Dertig jaar na sy afsterwe word dit in hierdie produksie duidelik hoe lewend en relevant sy siening van die lewe steeds bly, hoe treffend sy liedkuns. Jannie du Toit, 'n groot vriend van Du Plessis, sit hiermee sy werk voort om Koos se musiek by 'n volgende geslag te laat voortleef. Hy verwesenlik ook 'n jarelange droom om 'n "eenmanvertoning" oor Koos se werk aan te bied. Die aanbieding het in 2014 gedebuteer en tot dusver is die program landswyd ongeveer 160 keer aangebied.

Die volgende woorde van Koos Doep het waar geword:

**“As dit gedaan is en verby
die aarde weer sy erfdeel kry**

**sal hierdie kluisenaar in my
nog iewers in 'n boekrak bly"**

Koos du Plessis (10 Mei 1945 – 15 Januarie 1984)

Mariana Malan (*Die Burger*, 31 Maart 2014)

* "Nostalgie gryp jou aan in die eerste oomblik van die produksie... Wanneer jy begin luister na Jannie du Toit se vertolking van net meer as 20 van Koos Doep se liedjies... weet jy daar is geen kans dat sy woorde sal sterf nie..."

Paul Boekkooi (*Beeld*, 7 Mei 2014)

* "Du Toit besit met sy immer meevoerende stem, sensitiewe vertolking en wydlopende verhoogervaring die sleutels om die tydloosheid van Koos du Plessis te ontsluit"

Ilza Roggeband (*Spat*, Aardklop-feeskoerant, 9 Oktober 2014)

* "Du Plessis se werk is hier beslis in goeie hande... *Doep is nie dood nie* is 'n kragtige vertoning...."

BONJOUR MONSIEUR BREL

'n Reis deur die ideë-wêreld van 'n briljante dromer
(In Afrikaans, Frans, Engels en Nederlands)

Bonjour Monsieur Brel

Jannie du Toit



Susan Mouton - tjello Coenraad Rall - klavier

Samestelling en bindteks: Juanita Swanepoel

Verwerkings: Matthys Maree en Clinton Zerf

Jacques Brel: Alle musiek en Franse tekste

Juanita Swanepoel: Samestelling en bindtekste

Clinton Zerf, Matthys Maree: Musiekverwerkings

Naòmi Morgan: Afrikaanse vertalings en teksversorging

In *Bonjour Monsieur Brel* word Jacques Brel se beeldryke tekste in vier tale gesing deur Jannie du Toit en begelei deur 'n musiekensemble uit die boonste rakke. Jannie is dekades reeds 'n hoog aangeskrewe Brel-vertolker en 'n standhoudende eksponent van uitnemendheid in liedkuns, onder ander in Nederlands. Sy eerste vertolknings van Brel sing hy in 1988 in die produksie *Van Berlyn tot Bapsfontein* saam met Laurika Rauch. Brel speel sedertdien deurgaans 'n rol in aanbiedinge soos *De Kleine Man* en *Jannie en die Tannie* saam met Christa Steyn. Sy mees onlangse optrede in 'n Brel-produksie was *Brel in Brooklyn* in 2010, weer saam met Laurika, met Christa by die klavier en Sergio Zampolli as akkordeonis. Veral twee Nederlandse Brel-liedere – *Madeleine* en *Liefde van later* – vestig hom vroeg in die negentigerjare as Brel-vertolker, maar sy latere Franse weergawes van *La Valse* en *II Neige sur Liège* kry ook hoë lof van kenners. Naòmi Morgan se Afrikaanse vertalings, wat

uiters gunstig vergelyk met vertalings in ander tale, verteenwoordig 'n verrassende nuwe blik op Brel se tekste. Bekende treffers is natuurlik op die spyskaart, maar ook van sy meer onbekende, ewe briljante werk.

Brel se geniale beeldende skryfwerk kom na vore en is soos die werke van klassieke komponiste en die wêreld se opera's – trouens soos alle groot kuns – tydloos. Brel se liedkuns sal nog vir 'n lang tyd telkens weer nuut geïnterpreteer en beluister word. In hierdie program kom sy genialiteit ewe sterk na vore in al vier tale – 'n getuigskrif vir die ongeëwenaarde seggingskrag van die grootste *chansonnier* van die 20ste eeu.

Naòmi Morgan (Litnet, 5 Augustus 2016)

'Hierdie produksie is afgerond en goed beplan' '*Bonjour, Monsieur Brel!*' is 'n energieke vertoning waarin Jannie die hele verhoog gebruik en woorde met hande en liggaamstaal verbeeld' 'Die taalverskeidenheid van die vertoning maak 'n luukse indruk in hierdie tye van taalverskraling: vier tale (Frans, Nederlands, Engels en Afrikaans) word ondersteun deur kultureel-spesifieke lytaal wat opmerklik is in veral die Nederlandse en Engels liedjies (soos "Amsterdam", wat Jannie sing in 'n diep register met 'n perfekte Britse aksent')

Paul Boekkooi (Beeld, 15 September 2016)

'Enigiemand met 'n verwysingsraamwerk rondom die egte Brel, sal saamstem dat Du Toit as sanger en kitaarspeler, Susan Mouton as tjellis en pianis en Coenraad Rall as pianis en akkordeonspeler kollektief daarvoor gesorg het dat hierdie een van die blinkste Brel-aanbiedinge is wat tot nog toe in Suid-Afrika op die planke was... Jannie du Toit se voordrag en sang rondom Brel is presies waar dit moet wees: Idiomaties ryk en genuanseerd, met puik diksie en 'n stem wat emosioneel en dramaties veel meer kan waag as voorheen... Ons het lank vir so 'n gehalte-aanbieding gewag. Ervaar die grensloos magiese daarvan'.

CJ De Swardt (Vrouekeur, 14 Oktober 2016)

Verhewe bô die taalverwarring- en verskraling in Suid-Afrika, bied die sanger-liedjieskrywer en kabaretskünstenaar Jannie du Toit 'n waardige kulturele skat met sy veeltalige kleinkunsalbum *Jannie du Toit chante/ sing/ zingt/ sings BREL* aan die Suid-Afrikaanse kultuur-erfenis toe. Maar, wanneer die laaste note in jou gemoed talm, is dit Jannie se onvergetlik-tergende 1990-vertolking van Madeleine (in Nederlands) en Marieke (2016-opname in 'n versnit van Frans, Nederlands en Engels) wat jou bybly. Jannie se uitspraak van al die tale is gemaklik en oortuigend en sy interpretasie en uitvoering van die chanson is geslyp en geloofwaardig.

Jannie du Toit het destyds die gewildheid van besoekende kunstenaars soos Herman van Veen en Stef Bos in Suid-Afrika verseker. Hy is 'n Suid-Afrikaanse *chanteur* by uitstek. Ervaar musikale kleinkuns in sy suiwerste vorm. Dit is musikale integriteit!

VASTE ENSEMBLE: DOEP IS NIE DOOD NIE ÉN BONJOUR MONSIEUR BREL



Coenraad Rall

Jannie du Toit

Susan Mouton